# SKOLEBEDIENING: Week van Gebed – Dag 2

**Benodighede**: Familieboom uitdeelstuk en penne

**Doel van les:** Om te bid vir families.

**Praise and worship**

**Aktiwiteit en les (5 min):**

- Gee vir elke kind die familieboom uitdeelstuk en 'n pen. Die kinders kry so paar minute om gou hul familieboom in te vul volgens hoe hulle familie lyk. (Onthou die families kan baie verskil van mekaar. Kinders mag dalk by 'n ouma en oupa bly, broer of suster of dalk 'n tannie en oom) Lees: Efesiërs 6:1 – 4: Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. Eer jou vader en jou moeder is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: Sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde. En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.

Liefde, samewerking, respek, aanvaarding, om te behoort en om mekaar op te bou, is als deel van 'n familie wees. Ongelukkig is daar deesdae min families wat so lyk.

**Tyd vir stil gebed (5 min)**: Ons gaan nou vir ons families bid, dat hierdie dinge sal waar word in ons families en ook dat familielede wat nie die Here ken nie, Hom sal vind.

**Afsluiting (5 min):** Ons het al almal die bumper stickers gesien op karre soos bv As jy hierdie plakker kan lees, dan is jy te naby aan my kar. Julle kry nou kans om 'n bumper sticker te maak vir jou familie wat jy agter op jou familie boom kan skryf. Dit kan iets wees soos om meer liefdevol te wees of iets soos Ons familie is gered. Enige iets wat jou hoop vir jou familie beskryf. Bid hierdie slagspreuk elke dag oor jou familie.